**“Ek is Wie Ek is” (OP164)**

**Eks 3:13-22**

**18 Februarie 2024**

Laas het ons na die Here se roeping van Moses op die berg Horeb gekyk. Die Here het in ‘n brandende doringbos aan Moses verskyn. In die verskyning van die Here is Moses gekonfronteer met die heiligheid van die Here, asook met die feit dat die Here die Verbondsgod is, d.w.s. die God van Abraham, Isak en Jakob. Die Here het aan Moses geopenbaar dat Hy op die punt staan om Sy uitverkore volk uit Egipteland te verlos, en om hulle na die beloofde land te lei. Hy roep toe Moses om na die farao te gaan, en die volk uit te lei. Alhoewel Moses 40 jaar vantevore vol bravade was om die volk te verlos van hulle onderdrukking, is Moses nou huiwerig en onwillig. Hy bevraagteken hoekom juis hy moet gaan om die volk te verlos. Die Here onderneem egter om by Moses te wees in die uitvoering van sy opdrag. Boonop het die Here aan Moses ‘n teken gegee, naamlik dat die volk die Here by die berg Horeb sou aanbid nadat hulle uit Egipte verlos is. Die teken moes vir Moses ‘n bemoediging gewees het nadat die Here hulle uit Egipte uitgelei het, en hulle nie langs die kortste pad na Egipte getrek het nie.

Vandag wil ek stilstaan by Eks 3:13-22. Ek moet vooraf erkenning gee vir die insig van verskeie kommentatore waarop ek staatmaak wanneer ons na hierdie verse kyk – veral kommentatore soos Cole, Kaizer, Barret en Motyer. Meeste kommentatore is dit eens dat hierdie verse belangrike verse in die Bybel is – veral verse 13-15. Die rede hiervoor is dat ons in hierdie verse ‘n besondere openbaring het van wie die Here is, en ook van Sy wese. Hierdie verse word ingelei deur Moses se tweede beswaar oor hoekom hy huiwerig is vir die taak wat die Here aan hom opgedra het. Laasweek het ons in verse 11-12 sy eerste beswaar gesien, toe hy gevra het: “Wie is ek dat ek die Israeliete moet uitlei?” Daar was die Here se antwoord dat Hy saam met Moses sal gaan, en ten diepste is dit Hy wat hulle sal uitlei. Die beswaar wat Moses nou opper, is die volgende: Hy voorsien dat as hy by die Israeliete sou kom en hulle vertel dat die God van hulle voorvaders hom gestuur het om hulle uit Egipte te lei, dan gaan hulle hom vra: “Wat is Sy Naam?”, en hy weet nie hoe hy hulle dan moet antwoord nie. Ons kan verstaan hoekom Moses hieroor bekommerd was: Immers het hy 40 jaar gelede probeer om as verlosser vir die volk op te tree – maar die volk het hom nie erken as hulle verlosser nie. Daarom soek hy nou na argumente wat hy kan gebruik wanneer hy weer by die volk kom om hulle te oortuig dat hy deur die Here gestuur is om die rol te vervul. Ek wil die gedeelte bespreek onder die volgende vier punte: (1) Moses se vraag (v13), (2) Die Here se antwoord (v14-15), (3) Die implikasies van die Here se antwoord vir die volk (v 16-17), en (4) Die implikasies van die Here se antwoord vir die Egiptenare (v18-22).

<u>Moses se vraag (Eks 3:13)</u>

Soos wat ons gesien het, is die vraag wat Moses antisipeer die volk hom gaan vra as hy aan hulle sou bekend maak dat die God van hulle voorvaders hom gestuur het om hulle uit te lei: “Wat is Sy Naam?” Let op, Moses antisipeer ‘n ander vraag as wat die farao in Eks 5:2 gevra het toe Moses vir hom gesê het die Here het hom gestuur om die volk te verlos. Die farao se vraag was: “Wie is die Here?” Moses antisipeer egter dat die volk hom sal vra “Wat is Sy Naam?” Die punt om raak te sien is dat daar ‘n verskil is tussen die volk en die farao: Die farao mag dalk baie gode ken, maar hy ken nie die God van Israel nie – so sy vraag is eenvoudig “Wie is die Here?” – hy probeer om vas te stel wie hierdie God is van wie Moses praat. Die volk ken egter die God van wie Moses praat – immers is hulle Sy volk, en in Eks 2:23-25 het hulle tot Hom om hulp geroep. Hulle wonder dus nie oor watter God Moses van praat nie, maar hulle wil meer weet van God. Tipies is die name in die Bybel, en veral

die Name van God, baie meer as net 'n identifikasie van God – tipies sê die Naam iets meer oor God. En dit is wat die volk wil weet – wat kan Moses hulle vertel rakende God, rakende Sy karakter, rakende Sy wese wat hulle kan oortuig sodat hulle na Moses, en dus by implikasie, na God moet luister as Moses sê hy is gestuur om hulle uit te lei.

Laasweek het ons opgemerk dit was verstommend dat die heilige God met die sondaarmens Moses gepraat het. Dit is soveel te meer verstommend dat die Here nou reageer op 'n vraag wat Moses maar net antisipeer die volk nog gaan vra. En die antwoord van die Here is selfs nog meer verstommend: Die Here openbaar Homself aan Moses, aan die volk en aan ons met 'n besondere beskrywing van hoe Hy is, d.w.s. van Sy wese.

<u>Die Here se antwoord (Eks 3:14-15)</u>

In vers 14-15 antwoord die Here Moses se vraag. Let op, hier is drie stellings wat die Here maak: (1) In vers 14a: "Ek is Wie Ek is", (2) In vers 14b: "Ek is het my na julle gestuur", en (3) In vers 15a: "Die Here het my na julle gestuur" (Ek laat voorlopig die gedeelte van vers 15 weg wat sê die Here is die God van hulle voorvaders, en ook die gedeelte aan die einde van die vers). Kom ons dink oor die drie stellings – onthou die vraag was "Wat is Sy Naam?", bedoelende hoe is Hy, wat is Sy wese, wat is Sy karakter? Die antwoord van die Here is: "Ek is Wie Ek is". As ons net na die stelling kyk, kan ons wonder wat is die Naam van die Here: Is dit "Ek is Wie Ek is", of is dit net "Ek is"? Wel, as iemand my vra wat is my naam, antwoord ek "Ek is Harko". My naam is nie "Ek is Harko" nie, nee, dit is net Harko. Dit laat ons dus dink dat die antwoord van die Here is dat Sy naam is "Ek is", nie "Ek is Wie Ek is" nie. Die tweede stelling in vers 14b bevestig dit: "Ek is het my na julle gestuur". Die Naam waarmee die Here Homself beskryf is dus "Ek is". Kyk nou na die derde stelling van die Here in vers 15a: "Die Here het my na julle gestuur" – die tweede stelling in vers 14b is dieselfde as die derde stelling in vers 15a, behalwe dat "Ek is" vervang word met "die Here". Ons moet dus die gevolgtrekking maak die Naam wat die Here gebruik om Homself mee te beskryf is "Ek is" en dit is dieselfde as "die Here". Nou in Hebreeus is die Naam "Here" die vier konsonante: YHWH – maar dit beteken in Hebreeus ook "Hy is" – dit is dieselfde as die uitdrukking "Ek is", behalwe dat dit na die Here in die derde persoon verwys, nie in die eerste persoon nie. In Hebreeus is klinkers nie geskryf nie, maar as ons die klinkers in YHWH sou invoeg om "Hy is" te beteken, sou dit die woord Jahwe spel. Omdat daar 'n vrees was om die Naam van die Here ydelik te gebruik, het die Masorete ander klinkers YHWH ingevoeg – hulle het die klinkers van Adonai ingevoeg ('n ander Naam van die Here wat daarop dui dat Hy die Meester of Heerser is) – dan word YHWH uitgespreek as Jehova.

Kan ek saamvat: Moses se vraag was: "Wat is Sy Naam". Die Here antwoord Sy Naam wat Sy Wese beskryf, is "Ek is", of in die derde persoon "Hy is". Dit is in Hebreeus YHWH, wat vertaal word met Jahwe of Jehova. In ons Afrikaanse Bybels word dit tipies vertaal met "HERE" – die hele woord word met hoofletters gespel.

Kom ons kyk nou ook na die res van vers 15. In Vers 15a sê die Here nie net Moses moet sê "Die Here het my na julle gestuur nie", nee, die Here gee nog meer detail: Moses moet sê: "Die Here, die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het my na julle gestuur". Jahwe, oftewel die Here, is dus ook die God van die volk se voorouers, van Abraham, Isak en Jakob. As ons lees van die God van Abraham, Isak en Jakob, laat dit ons natuurlik direk dink aan God as die Verbondsgod. Daarom het ons al verskeie kere in die verlede die opmerking gemaak die Naam "Here" verwys na God as die Verbondsgod. Ons sien die Naam "Here" met die sluit van die verbond met Abraham, maar ook alreeds met die verbonde met Noag en selfs Adam na die sondeval. Kyk byvoorbeeld na die volgende verse:

- Gen 15:18 “Op daardie dag het die Here met Abraham ‘n verbond gesluit...”
- Gen 15:6 “Abraham het die Here geglo. En Hy het dit vir hom as geregtigheid toegereken”
- Gen 17:1-2 “Toe Abraham 99 jaar oud was het die Here aan Abraham verskyn en vir hom gesê: ‘... Ek wil My verbond tussen My en jou bekragtig...’ ”
- Gen 8:20-21 “Noag het ‘n altaar vir die Here gebou...Die Here het die geurige offer geruik, en die Here het in Sy hart gesê...”
- Gen 3:14 “Toe sê die Here God vir die slang: ‘Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek...’”

As die Here dus sê Sy Naam is “Ek is”, oftewel Jahwe, oftewel Here, dan loop dit hand aan hand met die feit dat Hy die Verbondsgod is van die verbonde met die volk se voorouers.

Maar lees nou saam met my Eks 6:1-3. Hier praat die Here met Moses, en Hy sê vir Moses Hy is die Here, en Hy het aan Abraham, Isak en Jakob verskyn, Hy het selfs met hulle Sy verbond tot stand gebring – maar Hy het nie aan hulle Sy Naam “Here”, “Ek is”, “Jahwe” bekend gemaak nie. Hoe moet ons dit verstaan – ons het sopas verskeie verse in Genesis gelees waar dit juis die Here was wat met Adam, Noag en Abraham gewerk het – trouens die Naam “Here” kom alreeds in Gen 2:4 voor. Ons moet dit waarskynlik soos volg verstaan: Ja, die Naam “Here” was reeds bekend aan die volk se voorouers, maar onthou wat was die vraag wat Moses geantisipeer het die volk sou vra: “Wat is Sy Naam?”, bedoelende wat is Sy Wese, Sy karakter, hoe is Hy? En wat die Here in Gen 6 sê is dat al het die voorouers geweet van die Naam “Here”, het hulle nog maar gebrekkig belewe wat dit werklik beteken, hoe die Here werklik is. Hulle het tot ‘n groot mate die almag van die Here beleef – Adam het die skepping gesien, Noag het die oordeel van die Here gesien, Abraham het die almag van die Here gesien om hom na die beloofde land te bring – maar onthou hoe ons telke male gesien het hoe min Abraham van die vervulling van die verbondsbeloftes van die Here gesien het. Wat die Here vir Moses sê is dat dit op die punt staan om te verander: Hulle gaan spoedig belewe wat dit beteken dat die Here “Here” is, die “Ek is” is, “Jahwe” is, die Verbondsgod is – soos wat hulle voorouers nie gesien het nie. Ja, hulle voorouers het uitgesien om dit te sien, maar dit gaan nou sigbaar word soos nog nooit tevore nie.

Kom ons gaan terug na Eks 3:15. Die Here het ook nog bygevoeg: “Dit is my Naam vir altyd”. Wel, ons het al iets daarvan in ons bespreking hierbo gesien. Een van die Name van God is die Here – dit is in Gen 2 al duidelik, Adam het dit geweet, Noag het dit geweet, Abraham het dit geweet. En nou gaan Moses en die volk dit nie net ook weet nie – hulle gaan die implikasies hiervan belewe soos nog nooit tevore nie. Onthou, Moses het letterlik duisende jare na Adam geleef. En tog is die Naam van die Here, en dus die wese en die karakter van die Here steeds dieselfde. En dit sal ook in die toekoms die geval wees: Dink maar net aan die beskrywing in Op 21 wat die nuwe hemel en aarde beskryf deur gebruik te maak van verbondstaal. Die Here is dan steeds die Here, die Verbondsgod, die “Ek is”.

Vers 15 beskryf ook nog dat hierdie Naam “Ek is” of “die Here”, is die Here se gevierde Naam van geslag tot geslag (DAV) – die OAV vertaal dit met Sy gedenknaam, die NAV vertaal dit met die Naam waarmee Hy aangeroep moet word. Ons moet nie mis wat die Here hier sê nie: Die Here sê Sy Naam “Here”, “Ek is”, “Jahwe”, wat ‘n beskrywing is van Sy wese en karakter, dus van hoe Hy is – dit is hoe Hy gevier sal word, dit is hoe Hy gedenk gaan word, dit is hoe Hy aangeroep gaan word. Dit is aangrypend – wat die Here hier openbaar is verstommend: Die wat begryp wie die Here is, die wat begryp dat Hy “Ek is” is, die wat die moeite gaan doen met wat die Here nou gaan doen waardeur Hy gaan wys wat Sy wese en karakter is – hulle sal Sy Naam vier, gedenk en aanroep. Die geskiedenis in die Bybel is openbaringsgeskiedenis waardeur ons die Here leer ken, en dan aanbid ons Hom in respons op Sy openbaring. Daarom is dit die moeite werd om verder te besin oor wat die Naam

beteken, en ook oor wat die Here verder gaan doen – natuurlik in Eksodus, maar ook in die res van die Bybel.

Kom ons besin verder oor hoekom die Here Sy wese juis beskryf as “Ek is”:

- Die eerste implikasie van die beskrywing “Ek is” of “Hy is”, is dat die Here werklik bestaan – Hy is. Ons kan nie die Here direk sien of aan Hom vat nie – maar Hy maak bekend Hy is, Hy bestaan. Baie mense ontken dit, maar die feit van die saak is, Hy is. Die bestaan van die skepping getuig van: Hy is. Ons bestaan getuig van: Hy is. Die enigste manier om werklik sinvol te lewe, is om raak te sien: Hy is.
- Nie net bestaan die Here nie, nie net is Hy nie, Hy bestaan al vir ewig en Hy sal ook vir ewig bestaan. Hy was al voor die skepping, Hy was al met Adam se skepping, Hy was al met Abraham, Hy is in Eks 3 met Moses, Hy sal ook wees vir ewig. Daar was nooit ‘n tyd wat Hy nie al kon sê “Ek is” nie, Hy kan vandag sê “Ek is”, Hy sal op enige tyd in die toekoms kan sê “Ek is”. Hy is dus ewig. Sy bestaan strek dus oor tydsgrense heen.
- “Ek is” beteken ook dat Hy oral is. Hy was in Eden. Hy was daar met die vloed. Hy was met Abraham in Ur, in die beloofde land, selfs in Egipte. Hy is in Eks 3 saam met die volk in Egipte. Hy is met Moses in Midian. Hy is in die brandende doringbos. Hy sê vir Moses in Eks 3:12 Hy is by Moses wanneer Moses na die farao toe moet gaan. Die Here is eenvoudig op elke plek op elke tydstip, in elke omstandigheid. Hy is.
- Maar die Here is nie maar net altyd en orals in elke omstandigheid nie – nee, Hy is die krag, die dryfveer, die fors in elke ding wat gebeur. Hy is eenvoudig betrokke in alles. Meer as dit: Hy laat alles gebeur, Hy stuur dit, Hy rig dit, Hy gebruik dit. Hy is in alles. Hy is in die gebeure in Egipte, in die beloofde land, in Midian. Hy rig alles sodat alles op die regte tyd bymekaar kom. Hy laat Moses wonder oor hoe hy die volk moet antwoord. Hy besluit dit is nou die regte tyd om te openbaar wat dit beteken Hy is die Here, die “Ek is”. Hy stuur Moses na die farao toe. As Moses swak is, is Hy sterk. Trouens dit is Hy wat Moses sterk of swak maak – want Hy is die krag, die dryfveer die fors in al die gebeure.
- Die feit dat Hy is, beteken ook Hy is soewerein. Soos daardie brandende doringbos selfvoorsienend is, is die Here ook selfvoorsienend. Hy het niemand anders of niks anders nodig nie, Hy is onafhanklik, Hy is soewerein in beheer – daarom kan Hy sê Hy is. Niks bedreig Hom om nie te wees wat Hy is nie – Hy is. In Eks 33:19 sê Hy Hy is genadig oor wie Hy genadig wil wees – Hy besluit, Hy is soewerein. Omdat niks Hom ooit bedreig nie, kan Hy werklik sê: Ek is.
- Die feit dat die Here Sy wese beskryf as “Ek is”, beteken ook dat Hy altyd dieselfde is. In Gen 2 is Hy Ek is, in Gen 3 met die sondeval is Hy Ek is, met die sondvloed is Hy Ek is, met Abraham is Hy Ek is, met Moses is Hy Ek is. Die feit dat Hy nie vroeër aan Abraham, Isak en Jakob bekend gemaak het wat Hy nou gaan bekend maak nie, beteken nie Hy het verander nie – nee, Hy is. Hy leer ons net met verloop van tyd meer oor hoe Hy is. Maar Hy is gister, vandag en more dieselfde – Hy is. Moses moes ook later leer toe alles met die farao nie direk glad en voorspoedig verloop nie, dat dit nie beteken die Here is nie soewerein nie, dit beteken ook nie die Here se plan het verander nie, dit beteken net Moses het nie ‘n perfekte insig in die Here en Sy handelinge nie. Maar die Here is steeds dieselfde – Hy is steeds Ek is.
- Ons sien dus die beskrywing “Ek is” leer ons baie van die Here: Hy bestaan, Hy is ewig, Hy is oral, Hy is die dryfveer agter alles, Hy is soewerein, Hy is onveranderlik. Eenvoudig: Hy is. Maar dit beteken nie noudat die Here dit aan ons geopenbaar het, dat ons nou ‘n perfekte kennis van God het nie. Alhoewel dit ons baie van die Here leer, is die Here steeds

> onuitputlik, is daar steeds baie van die Here wat ons nie begryp nie. Ef 3:8 praat tog van die onpeilbare rykdom van Christus, en dus van die Here. In Mat 11:27 sê Jesus immers dat net die Seun die Vader werklik ken, en netso ken net die Vader die Seun. 1 Kor 2:11 sê net die Heilige Gees ken die dieptes van God. Ons as mense ken steeds maar net ten dele.

Geliefdes, as ek na dit alles kyk dan lyk dit my die Here wil die volgende aan die volk, en ook aan ons, kommunikeer: Die Here sê vir die volk: "Baie dinge gebeur in die wêreld. Baie dinge lyk vir julle onverstaanbaar, selfs chaoties. Maar, nou dat julle om hulp geroep het weens julle nood, is daar iets wat julle moet verstaan om behoorlik te kan verstaan wat hierna gaan gebeur. Wat julle moet verstaan, is: Ek is Ek is. Ek is die Here. Ek is in beheer. Ek was nog altyd in beheer, Ek is steeds in beheer, en sal ook beheer wat nou gaan kom as Moses na julle toe kom. Ek het julle noodsituasie in Egipte laat ontstaan – Ek het al vir Abraham gesê dit kom, want sien: Ek is. Maar nou gaan Ek iets doen, waardeur Ek nog meer gaan demonstreer wat Ek is – Ek is die Here, die God van Abraham, Isak en Jakob – Ek is die Verbondsgod. Ek het al met julle voorouers die verbond gesluit. Maar nou gaan julle belewe wat Ek met die verbond bedoel. En uit wat julle gaan belewe, gaan julle My wese en karakter sien – julle gaan sien wat Ek is, hoe Ek is, wat Ek doen, wat My wese is. Julle gaan sien wat selfs Abraham nie gesien het nie – alhoewel Ek al so was in Abraham se tyd, Ek is immers onveranderlik. Maar julle moet dit leer. En omdat Ek is wie Ek is, sal dit wat julle van My wese gaan sien, vir ewig waar wees van My. Daarom moet julle deeglik oplet en leer. Want, as julle dit goed snap, gaan dit My gevierde gedenknaam wees waarmee julle My gaan aanroep."

Ek hoop julle sien dit raak: Die Here maak Sy wese aan ons bekend deurdat Hy daarop wys Hy is die Here, die Verbondsgod. As jy werklik die Here wil leer ken, moet jy Hom as die Here leer ken, as die Verbondsgod leer ken. Dit is waar Hy Sy wese, Sy karakter as't ware aan ons wys. Dit is eers as jy werklik die wese van die Here leer ken, dat jy Hom werklik wil aanroep, Hom wil vier. Wat Hy deur Sy verbond aan ons kommunikeer leer, is waar vir altyd, want: Hy is. Hy het al vir Abraham gesê Sy verbond is ewig.

<u>Die implikasies van die Here se antwoord vir die volk (Eks 3:16-17)</u>

In die res van Eks 3, wys die Here sekere implikasies uit van wat Hy sopas gesê het as antwoord op die vraag "Wat is Sy Naam?" Ons kyk eers na verse 16-17 waar die Here fokus op wat die volk nou kan verwag. Lees Eks 3:16-17.

Ons lees die Here stuur Moses om die oudstes van die volk te gaan bymekaar maak. Sien jy dit: die Here is soewerein, Hy bepaal wat nou moet gebeur – Hy stuur Moses om die oudstes bymekaar te maak. Hy bepaal ook wat Moses vir hulle moet sê. Hy moet vir hulle gaan sê die Here het hom gestuur. Maar let op hoe Moses vir hulle moet sê wie hom gestuur het: Dit is die Here, dit is dus "Ek is", dit is Jahwe, dit is die Verbondsgod wat Moses stuur. Dit is die Verbondsgod, die God van Abraham, Isak en Jakob wat vir Moses gestuur het.

Die boodskap van die Here aan die volk is dat Hy noukeurig aandag gee aan hulle en hulle situasie in Egipte. Onthou, die Here is Ek is. Hy is die Een wat oral en in elke situasie is. Hy is deeglik en in detail bewus van hulle en hulle situasie. Trouens, Hy gee noukeurig aandag aan wat besig is om te gebeur. Maar, onthou die Here is "Ek is" – dit beteken Hy weet nie maar net wat gebeur nie. Hy is die dryfveer agter dit alles, Hy is soewerein – Hy word nie bedreig hierdeur nie – nee, Hy wil hulle juis deur die situasie leer hoe Hy is. Hy kan eenvoudig verklaar wat nou gaan gebeur – omdat Hy is, kan Hy dit doen met vertroue, en ons moet ook leer om Hom te vertrou.

Let nou op: Vervolgens begin Hy Sy wese, Sy karakter wys: "Ek sal julle laat optrek, weg van die ellende in Egipte, na die land van die Kanaäniete, die Hetiete, die Amoriete, die Feresiete, die

Hewiete en die Jebusiete, na ‘n land wat oorloop van melk en heuning”. Dit is wat die Here wil hê ons moet leer oor hoe Hy is: Ek sal julle uit Egipte lei, en Ek sal julle inlei in die beloofde land in. Ek sal julle uit die ellende uitlei, en Ek sal julle in die land wat oorloop van melk en heuning inlei. Dit is wat die Here, die Verbondsgod, ons wil leer oor Homself, oor Sy wese en karakter. Hy wil uitlei uit ellende, en inlei in oorvloed in. Dit is hoe Hy is. Dit is hoe Hy al na die sondeval was, dit is hoe Hy met die sondvloed was, dit is wat Hy aan Abraham beloof het, dit is hoe Hy is. Dit is hoe Hy nou optree honderde jare na Abraham - want Hy is wie Hy is. Let op: Hy gaan twee dinge doen: Hy gaan die volk uit die ellende in Egipte lei, en hulle in die beloofde land van melk en heuning inlei. Dit is twee aspekte van Sy plan. Ek dink nie Moses en die volk het op daardie stadium verstaan die twee gebeurtenisse sou 40 jaar uitmekaar realiseer nie – maar dit beteken nie die Here is nie in beheer nie, dit beteken nie Hy is nie meer die onveranderlike Ek is nie. Dit beteken net Hy het geweet dit sal beter wees vir ons om te leer as Hy hierdie twee gebeurtenisse uitmekaar trek. Dan kan ons Sy wese nog beter verstaan. Ons sal later in die Bybel leer dat die Here se verlossing volgens Sy verbond nie net daaruit bestaan dat die Here die ellende van die sonde wegneem nie, maar ook dat Hy die volk by heiligheid wil bring sodat hulle in die beloofde land kan ingaan. Die wese van die Here is nie maar net om sonde weg te neem nie, nee, Sy wese is ook om voor te berei vir ‘n lewe in heerlikheid – dit is hoe Hy is.

Die implikasies van die Here se antwoord vir die Egiptenare (Eks 3:18-22)

Lees Eks 3:18-22. In vers 18 verklaar die Here die oudstes van die volk sal na Moses luister – immers die Here is die dryfveer agter dit alles wat ook soewerein is. Niks bedreig Hom nie – dus as Hy sê hulle sal luister, sal hulle luister.

Die Here is ook die Een wat bepaal wat verder moet gebeur – en dit is dat Moses en die oudstes na die farao moet gaan met die versoek dat hy hulle moet toelaat om drie dae die woestyn in te trek om aan die Here te gaan offer. Maar die Here weet ook dat die farao dit nie sal toelaat nie, nee, hy sal eers gedwing moet word deur ‘n kragtige hand. Ons weet natuurlik die hand is die hand van die Here – want Hy is die Ek is, wat nie deur die farao bedreig word nie. Die soewereine Ek is sal met die farao handel soos wat dit goed is in Sy oë en in die lig van Sy plan – Hy het dit eeue gelede al aan Abraham beloof. Vers 20 sê dan ook dat dit die Here is wat Egipte sal tref met die wonders wat Hy daar gaan doen. Nie net weet die Here Hy gaan wonders doen nie – Hy kan wonders doen en sal dit doen en dit sal tot gevolg hê dat die Egiptenare die volk sal laat trek. Sien jy? Die Here is “Ek is” – die uitvoer van hierdie plan is deel van Sy wese, dit is hoe Hy is, dit is hoe Hy Sy wese aan ons wil openbaar. Geen farao gaan toegelaat word om ‘n negatiewe effek op die wese van die Here te laat nie. Die Here gaan selfs verder – Hy sal toesien dat die volk nie met leë hande uit Egipte gaan nie, nee, Hy sal toesien dat hulle selfs met buit uit Egipte die land verlaat.

Ek hoop jy sien raak wat die Here openbaar: Dit is deel van wie die Here is, om Sy volk uit die ellende van Egipte te verlos – dit sal natuurlik met verloop van tyd in die openbaringsgeskiedenis ontwikkel tot die feit dat dit deel van die Here se wese is om regverdigmaking vir gelowiges te bewerk. Dit is ook deel van wie die Here is, om Sy volk in die land van melk en heuning in te lei – dit sal natuurlik met verloop van tyd in die openbaringsgeskiedenis ontwikkel tot die feit dat dit deel van die wese van die Here is om heiligmaking vir gelowiges te bewerk, wat sal uitloop op hulle heerlikmaking. Maar, let op, dit is ook deel van wie die Here is om die Egiptenare te dwing om die volk te laat gaan, en ons weet dit sou eventueel lei tot die dood van die Egiptenare wat die volk later sou agtervolg het – dit sal natuurlik met verloop van tyd in die openbaringsgeskiedenis ontwikkel tot die feit dat die Here ook gaan oordeel oor die wat ruim geleentheid gegee is om die Here te leer ken, maar hulle daarteen verset het – hulle sal eventueel onder die Here se oordeel beland, soos wat die Here al met die verbond met Noag beloof het.

Samevatting

Moses wou oortuigende argumente hê wat hy kon gebruik om die volk te oortuig dat hy deur die Here gestuur is om hulle uit Egipte te lei. Hy voorsien dat die volk hom sou vra: ”Wat is die Naam van die God van hulle voorvaders?” Die vraag beteken nie die volk het nie geweet wat die Naam van die Here is nie, dit het eerder beteken dat hulle van Moses wou vra om vir hulle meer oor die God van hulle voorvaders te vertel sodat hulle seker kan wees Hy het Moses gestuur. Die Here is verdraagsaam, en gee 'n besondere antwoord aan Moses. In die antwoord leer die Here ons meer van Homself, van Sy wese en karakter. Die Here verduidelik dat Sy wese beskryf kan word deur die uitdrukking “Ek is”, dit is ekwivalent aan die uitdrukking Jahwe of Jehova in Hebreeus, en word in Afrikaans vertaal met die Here (in hoofletters geskryf). Die Here sê “Ek is” is 'n goeie beskrywing vir Sy wese omdat dit uitlig: Hy bestaan, Hy is. Hy bestaan vir ewig – op enige stadium is Hy. Hy is oral op elke tydstip in elke omstandigheid. Maar Hy is nie maar net daar nie, Hy is die dryfveer agter alles. Hy is soewerein in beheer van alles – daarom is dit altyd waar dat Hy is – niks of niemand bedreig hom nie. Boonop beteken dit dat Hy altyd dieselfde is – Sy wese verander nie. Wat wel verander is dat Hy met verloop van tyd meer oor Homself en Sy wese aan ons openbaar – maar Hy verander nie. Dit is egter ook waar dat al openbaar Hy Homself aan ons, sal ons Hom nooit werklik ten volle verstaan nie.

Verder, die feit dat “Hy is” word ook beskryf met die term “die Here”, en dit word telkens gekoppel aan die feit dat Hy die Verbondsgod is. Die verbonde van die Here leer ons dus om die wese van die Here te leer ken. Tot aan die begin van Eksodus het ons al heelwat oor die verbonde geleer, maar tog gaan die optrede van die Here in Sy verbond van hier af verder aan ons meer leer oor Sy wese soos wat ons tot hiertoe nie geleer het nie. Ons kan verwag om meer van Hom te leer vanuit die manier waarop Hy die volk gaan verlos, en ook van die manier waarop Hy hulle in die beloofde land gaan bring. Ons kan egter ook verwag om meer van Hom te leer uit hoe Hy teenoor die Egiptenare gaan optree. Maar, alles wat ons gaan leer oor die Here uit hierdie gebeure, is steeds vir ons nuttig – want: Hy is. Hy is steeds dieselfde as destyds. En uit dit alles gaan ons leer dat “Ek is”, oftewel “die Here”, Sy gevierde Naam is, Sy gedenknaam is waarmee Hy aangeroep moet word.

Ek hoop julle is saam met my in afwagting om meer oor die Here te leer.